83-1642
KJIAL

Kom ons maak 'n dop!

Dr A J Conradie

1642

1 Sterk drank is vryelik beskikbaar

Die Christen leef in 'n wêreld waar sterk drank vryelik bekombaar is. Bykans by elke funksie en feestelike geleentheid soos intervarsities, sportgesellighede, troues en verjaarsdae is daar, as deel van die spyskaart, sterk drank.

Dit is ook algemeen bekend hoeveel onbeskryflike smart deur drankmisbruik veroorsaak word en reeds veroorsaak is. Daar is geen sonde en misdaad wat nog nie gepleeg is terwyl mense onder die invloed van drank was nie: Hoerery, egbreuk, bakleiery, diefstal, twis, verkragting, moord, motorongelukke, ensovoorts.

Die ernstige gewetensvraag wat elke Christen voortdurend moet beantwoord is dit: Wat verwag Gods Woord van my *persoonlik* en wat moet ek vir ander mense in dié verband as *voorbeeld* stel?

Deur gelowiges word twee teenoormekaarstaande standpunte voorgestaan en verdedig, naamlik:

- algehele onthouding en
- matigheid

Voorstanders van albei hierdie standpunte beroep hulle op die Bybel.

2 Die Bybel se houding ten opsigte van die maak en gebruik van wyn

Die druiwestok is deur die Jode as 'n uitsonderlike plant van waarde gewaardeer omdat dit 'n baie belangrike rol in hulle lewens gespeel het. Van die druiwestok het druiwe, rosyne, asyn, wyn en ook vuurmaakhout gekom.

Baie vroeg in die Bybel lees ons van Noag wat wyn gemaak het (Gen 9:20). Aan Israel is die belofte gegee dat hulle die land van die wynstok sou erf (Deut 8:8). 'n Uiters belangrike bron van inkomste vir die verbondsvolk was die wynbou-industrie. Hulle kultuur is selfs beskrywe as 'n wynkultuur. En argeoloë het heelwat wynperse in Palestina opgegrawe. Die matige gebruik van wyn word genoem as deel van Israel se etes en offers (Gen 14:18). Die Kroniekeboek noem wyn as deel van die soldy van soldate. Nehemia, die geëerde volksleier, wat geroep is om die mure van Jerusalem te herbou en die volk weer op te hef, sit aan sy gaste wyn voor (Neh 5:18).

In die kultus het wyn ook 'n belangrike rol gespeel: Saam met druiwe word wyn as deel van die offers genoem (Num 18:12; Deut 18:4; Neh 10:37).
"'n Lam met 'n tiende van 'n efa fyn meel gemeng met 'n kwart-hin uitgestampte olie en as drankoffer 'n kwart-hin *wyn* vir een lam" (Eks 29:40)
(Stel jou voor dat 'n lidmaat vandag met 'n kas sterk drank by die kerk opdaag as deel van sy offergawe!)

In die Ou Testament word daar sporadies verwys na onthouding. Volgens die wet van Moses moes sekere mense, veral priesters en Nasireërs vir voorgeskrewe tydperke hulle aan die gebruik van wyn onthou (Lev 10:9). Sommige Nasireërs het opdrag ontvang om solank hulle gelofte duur, nie wyn te gebruik nie. Die gelofte was vir sommige agt en ander 30 dae, maar vir party selfs lewenslank. Sodra die tydperk verstreke was, kon hulle weer wyn gebruik.

3 Jesus se houding ten opsigte van wyn

Die Nuwe Testament vermeld dat Jesus self wyn gebruik het. Aan die einde van sy aardse omwandelinge verwys Hy daarna:
"Van nou af sal Ek nie weer van hierdie wyn drink nie tot op die dag wanneer Ek saam met julle, die nuwe wyn in die koninkryk van my Vader sal drink" (Matt 26:29).

Jesus was dus beslis nie 'n algehele onthouer nie. Hy roep ook in herinnering dat sommige kwaadgesinde mense na Hom verwys het as "'n vraat en en 'n wynsuiper" (Matt 11:19; Luk 7:34).

Nie alleen het die Here wyn gedrink nie, maar Hy het ook wyn gemaak toe Hy 'n bruilof in Kana bygewoon het (Joh 2). Uit hierdie geskiedkundige gebeurtenis is daar 'n paar baie belangrike punte wat na vore tree.

Deurdat Jesus die huweliksbevestiging en -fees bywoon, vereer Hy nie alleen die bruidspaar met sy teenwoordigheid nie, maar spreek Hy ook by implikasie sy seën oor die huwelik uit. Wanneer 'n "noodsituasie" ontstaan deurdat die wyn opraak, verrig Jesus sy eerste wonderwerk. Hy gee aan die bruidspaar 'n geskenk deur vir hulle wyn te maak. En die merkwaardige is dat Jesus nie net 'n paar liter maak nie, maar

soveel as ses klipkanne vol. Die skrywer van die Evangelie volgens Johannes is nie skaam of bang om vir ons te sê presies hoeveel wyn Jesus gemaak het nie: ±540 liter! Die oorvloed is aanduiding dat die Koning van alle konings oorvloedig in sy genade gee.

4 Wyn of druiwesap?

Die Here Christus was ook nie bang om van wyn te praat nie. Hy vertel 'n gelykenis oor nuwe wyn wat nie in ou sakke gegooi mag word nie omdat vars wyn gis en die ou uitgerekte leersakke laat bars (Matt 9:17; Mark 2:22; Luk 5:37).

Die Here het ook nie gehuiwer om te bepaal dat by die gebruik van die nagmaal brood en wyn genuttig moes word nie (Matt 26:27-29; 1 Kor 11:23-25).

Oor die vraag of die wyn wat Jesus gemaak en gebruik het gegis of ongegis was, is reeds hewig getwis. Sommige afskaffers beweer dat dit ongegis, dus eintlik druiwesap was. Daar bestaan egter geen twyfel dat die wyn gegiste wyn was wat alkohol bevat het nie. Die volgende onweerlegbare bewyse word aangevoer:

- Die Griekse woord "oinos" het slegs een ding beteken: dit het verwys na drank wat bedwelming tot gevolg kon hê. Natuurlik was dit as gevolg van die alkohol daarin.
- Die Jode het destyds geen kennis gehad om die gistingsproses teen te kon hou of stop te sit nie.
- Die klimaat in en rondom Jerusalem was ook uiters bevorderlik vir die aanjaag van die gistingsproses. Die stad Jerusalem is geleë in 'n semi-woestyn waar dit baie warm word in die somer – dié tyd toe Jesus die nagmaal ingestel het.

5 Die Bybel en die misbruik van wyn

Die Bybel veroordeel onmatigheid en dronkenskap baie sterk as sonde. Hierdie oordeel is van toepassing op alle mense – gelowiges en ongelowiges. Die apostel Paulus moes selfs een van die vroeë gemeentes hard aanspreek omdat gelowiges hulle skuldig gemaak het aan dronkenskap (1 Kor 11:21, 22). Die Bybel beskryf die ernstige gevolge van drankmisbruik op die liggaam, die geestelike lewe, die huwelik en finansies van die mens.

In die Spreukeboek noem die skrywer dat bakleiery, benewelde oë en 'n verstand wat verdof en verwar is, deel is van die verslaafde se lewe (Spr 23:29-36). Die profeet Jesaja verwys na die effek op die verstand: Die geestelike en politieke leiers se gesonde oordeel is aangetas. Dwase besluite word geneem en onregverdige regspraak is aan die orde van die dag (Jes 28:7). Dit is as gevolg van die misbruik van sterk drank dat mense hulle geestelike lewens verwaarloos: Hoerery en dronkenskap word dikwels saam genoem (Hos 4:11; 2:4, 7; Hab 2:15). Die wet van Moses het die doodstraf beveel vir dronkaards (Deut 21:20, 21).

In die briewe van die apostel Paulus staan daar ook skerp uitsprake oor drankmisbruik: "... dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge. Ek waarsku julle, soos ek julle al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie" (Gal 5:21; 1 Kor 6:10). Gelowiges word voortdurend gewaarsku teen dronkenskap en aangemoedig tot 'n verantwoordelike lewe voor God en mens (Rom 13:3; 1 Tess 4:12; 1 Kor 7:35). Wie die amp van ouderling en diaken wil beklee, mag nie verslaaf wees aan wyn nie (1 Tim 3:3, 8; Tit 1:6, 7).

Die apostel se standpunt word die mooiste saamgevat in sy brief aan die Efesiërs:
"Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul" (5:18).

6 Die gelowige se voorbeeld

'n Laaste feit waarmee rekening gehou moet word, is die ernstiger probleemsituasie waarmee gelowiges vandag gekonfronteer word. Afgesien van wyn en mout is daar ook nog 'n groot verskeidenheid sterk dranksoorte. As gevolg van die verbetering van wetenskaplike prosesse word brandewyn, whisky, vodka, rietspiritus en ander dranksoorte geproduseer met 'n geweldige hoë persentasie alkohol-inhoud. Slegs twee sopies van hierdie dranksoorte kan 'n mens se brein dermate aantas dat hy nie meer verantwoordelik optree nie.

Voeg hierby die Bybel se verantwoordelikheid wat

op elke gelowige se skouers geplaas word ten opsigte van sy swakker broer of suster. Die apostel Paulus sê (1 Kor 8:1-13) dat hy selfs nie vleis sal eet as hy daardeur sy swakker broer sal laat struikel nie. 'n Christen het baie voorregte, maar hy laat hulle verbygaan wanneer hy daardeur 'n swakker broer kan laat struikel en in die verderf laat beland.

7 Gevolgtrekking

- Die Christen het die vryheid om drank te *ge*bruik – maar geen vryheid om dit te *mis*bruik nie.
- Die Christen het die vrypas ontvang om die gawe van drank te geniet – maar geen vrypas om hom dronk te drink nie.
- Die Christen het geen vrypas om *altyd* en *oral* alkoholiese drank te gebruik nie. Hy sal elke keer by *elke nuwe situasie* verantwoordelik voor God moet besluit of hy vandag alkoholbevattende drank sal gebruik of nie gebruik nie. As daar 'n swakker broer/suster teenwoordig is, moet hy sê: "Nee dankie, nie vandag nie!" By 'n volgende geleentheid sal hy wel "Ja dankie!" kan sê. Dit is geen skynheiligheid nie – dit is ware Christelike verantwoordelike vryheid!
- Die matige gebruiker is 'n *mondige* gelowige wat "Nee dankie", en "Ek het genoeg gehad, dankie", kan sê.
- 'n Selfbeheersde-altyd-voor-God-verantwoordelike-gelowige is 'n toonbeeld van Christus se oorwinning oor die bose.

KITAL

HAUM

Posbus 460, Pretoria